
*Geregistreer aan die H.P.K. as 'n Nuusblad.*

*Die Groot Trek was die eerste Volksbeweging na Vryheid en Afrikanerskap.*




*Die Ossewabrandwag is die tweede Volksbeweging na Vryheid en Afrikanerskap.*

TWEEDE JAARGANG. VRYDAG, 18 DESEMBER 1942. No. 6.

# Een Wapen om Volk te Red met Gods Hulp — Dr. Van Rensburg op Ventersdorp

**,,Die Ossewabrandwag voel dat 'n weerlose en bedroë volk net een wapen het wat onder geen omstandighede en ten alle koste nie prys gegee durf word nie. Dit is die onwrikbare wil van die volk om die gees van vryheid en verset wakker en hoog te hou, tronke of geen tronke nie: Blaas hoog die vlam! Met daardie wil kan middele later met Gods genade gevind word — want dan het die volk sy siel behou. Sonder daardie wil kan geen middele, hoe maklik ook al, meer help nie,'' het die Kommandant-generaal, dr. J. F. J. van Rensburg verlede Woensdag voor 'n gehoor van 1,000 op Ventersdorp verklaar waar hy en dr. Malan 'n gesamentlike vergadering sou toegespreek het.**

Dr. Van Rensburg het verklaar dat die komitee die vergadering afgestel het nadat dr. Malan kennis gegee het dat hy nie kom nie.

,,Die Ossewabrandwag,'' het hy voortgegaan, ,,is nie gewoond daaraan om om te draai as hy eenmaal die hand aan die ploeg het nie, en daarom is tot hierdie vergadering besluit. Die Ossewabrandwag het gesê dat hy hier sal wees en hy is hier, nie om met mede-Afrikaners te twis nie maar om sy beleid uiteen te sit.

Steeds is die nasionale gesagstaat bepleit en konsekwent is die demokrasie bestempel as 'n broeines van anti-nasionale gevare en onheile. ,,Ons het teen die demokrasie in sy akademiese betekenis niks besonder uit te vaar nie. **Maar die demokrasie of enige ander ,krasie' is nie 'n einddoel op sigself nie nog bloot 'n middel tot die doel. Die doel is die volk.** As ons die volk beter kan dien deur demokratiese optrede, sal ons dit doen, dog as ons moet kies tussen die Afrikanerdom en die demokrasie, dan is daar vir ons geen keuse nie. Dan skeel die stelsel vir ons geen bloue duit nie. As 'n tuig uitgedien is, werp mens hom opsy.

**,,Die bostaande is gesê nie op Elsburg in Augustus 1941 nie dog wel op Kroonstad op 15 Januarie 1941 by my heel eerste optrede,''** het dr. Van Rensburg gesê. ,,By daardie eerste optrede op Kroonstad is ook gesê, en dit word vandag nog gesê dat die O.B. nie alleen erken dat hy nie liberaal-demokraties is nie, dog veel meer dat hy met dankbaarheid konstateer dat hy meer begaan is oor pligte as oor regte. Daar is ook gesê — en hoe is die waarskuwing nie sedertdien bewaarheid nie — dat as ons nie dissipline en onderlinge vertroue in die volk kan bring en kweek nie, dan hoef niemand te hoop op nuwe ordes of nuwe wêrelde en nuwe republieke nie.''

Dr. Van Rensburg het ook aangehaal uit sy Kroonstadse toespraak waar hy teen wantroue en skinderstories gewaarsku het. Hierdie woorde is namens die O.B. gesê nie ná die skinderveldtog van 1942 nie, maar ná die skinderveldtog van 1940 oor vrymesselaarsbriewe waarin die leier van die Afrikanerdom dan sy volk sou verraai en verkwansel het. ,,Dit is gesê van 'n man wat menseleeftyd lank die verpersoonliking van taaie en rasbewuste Afrikanerdom was. En hy was belaster deur mense wat altyd preek: ,,Eer u Helde.'' Die slagoffer van daardie fluisterstories lê vandag in sy graf en ons volk het sy grootste leier verloor en is armer, maar die fluisteraars gaan weer onverpoosd voort en soek nuwe slagoffers.

**Klaar met Oue.**

As ons volk ooit deur die modder gesleep is, dan is dit deur hierdie demokratiese gevroetel in moerasse, moerasse wat alleenlik in die eie binneste van die vroetelaar self bestaan het,'' het hy gesê.

**Daarom is die Ossewabrandwag sat en klaar met 'n stelsel waar partygeknoei swaarder weeg as die goeie naam van die Afrikanerdom en waar demokratiese getwis en geskinder die eenheid van die volk telkens weer verongeluk het en in die toekoms gaan verongeluk.**

**Die O.B. is innerlik klaar met die ou wêreld waar vryheid sinoniem was met geldmag, waar die ryk man vry was om ryker te word en die arm man se enigste vryheid was om nog armer te word.** Daarom neem die O.B. twee kardinale grondslae vir sy rigting: eweredige verspreiding van rykdomme enersyds en 'n doelmatiger vervulling van burgerpligte andersyds, d.w.s. op sosiale en nasionale gesag. Botter en brood, kleding en behuising, is net so belangrik as kultuur en sentiment. Siel en liggaam saam maak die Afrikanerdom uit. **Omdat hy glo in die organiese geheel van die volk, ken die O.B. geen klasseverskil nie.**

Dr. Van Rensburg het vertel van 'n sekere persoon wat die O.B. beveg en verklaar dat hy daaruit is omdat hy as 'n man met 'n volle B.A.-graad nie bereid is om te dien onder 'n offisier wat slegs 'n masjinis op die spoorweë of 'n werktuigkundige in 'n motorhawe is nie. **,,Daar het u uit vyandige mond die gees van die Ossewabrandwag. Ons skat 'n man volgens sy karakter en sy diensvaardigheid in die volksaak en nie volgens sy sosiale of akademiese stand nie.** Die volk bestaan nie net uit skrifgeleerdes en advokate nie maar in die eerste plek uit werkers, d.w.s. arbeiders, klerke, boere en ander mense wat met moeite hul bestaan maak.''

Na buite sien die O.B. die wêreldstryd van die afgelope drie jaar as die beslissende botsing, nie tussen demokrasie en diktatuur nie — soos sommige mense naïef aanneem — maar wel tussen die nasionale gedagte enersyds en die inter- of anti-nasionale gedagte andersyds. Wat voor die puinhope van Stalingrad en elders beslis word, is nie net die lot van Rusland en Duitsland nie. Dit is die lot — oor die heel aardbol — van nasionalisme en kommunisme — Europa of Asië; **en ons voortbestaan is daarmee saamgebind.** Daarom het die O.B. openlik beken dat hy ook die buitelandse beleid van die toekomstige nasionale gesagstaat sien in nouer samewerking met ander state wat, net soos die Afrikaner, glo in die lotgebondenheid van die bloed eerder as in die mag van geld of in die stemreg van Kaffer, Moor en Indiaan.

**Ons Wapen.**

,,Die Ossewabrandwag besef dat rebellie en stembriefies ewe vrugteloos is in die huidige krisis teen die mag en wurggreep van die Empire,'' het dr. Van Rensburg vervolg. As die volk deur stemmery gered kan word, hoef niemand die O.B. aan te spoor nie. Hy ken sy plig. ,,As die partypolitieke organisasies voor hul eie deur vee, kan hulle ons deur gerus aan ons self oorlaat.'' **Die Ossewabrandwag voel egter dat 'n weerlose en bedroë volk net een wapen het wat ten alle koste behou moet word. Dit is die onwrikbare wil van die volk om die**

(Vervolg op bls. 2)

## VOLGENDE UITGAWE

Met die oog op Kersvakansie is die eerste verskyning van Die O.B. hierna op 6 Januarie 1943.

Van aanstaande jaar af sal ons blad verander word na vier kolomme per bladsy. **Veral moet adverteerders hierop let.**



## EEN WAPEN OM VOLK TE RED

(Vervolg van bls. 1)

**gees van vryheid en verset wakker en hoog te hou ten spyte van tronke of kampe. En daardie wil, die bereidwilligheid om te ly en te offer dra die O.B. vandag deur die diepste water.**

„Met daardie gees onder duisende en tienduisende Afrikaners het God gesorg dat die offers van die verlede, van Blaukrans, Bloedrivier, Majuba, die kampe van Irene en Kroonstad en Philippolis 40 jaar gelede nie vergeet is nie. ‚Blaas hoog die vlam.'' Ek gee aan u in alle eerbied as afskeidswoord 'n woord uit die Bybel waar geskrywe staan: ‚Ek preek vir julle Christus, en Hom gekruisig!' Die christendom is gegrondves, nie op palmtakke en hosannas van Jerusalem nie, maar op die angs en sweet aan die Kruis. **Die diepste waarheid is dat die mensdom deur lyding gered is. En vandag nog** is die Kruis die simbool van ons redding en nie die palmtakke nie.

**Die O.B. wil nie sy mense in kampe en tronke sien nie. Hulle selflose dienste binne die beweging en buite die gevangenis is te waardevol. Bowedien moet hul afhanklikes gesteun word en die Noodhulpfonds van die O.B. het in die afgelope jaar meer as £15,000 aan sulke ondersteuning bestee. Dit is voldoende bewys dat die O.B. nie roekeloos wil wees nie. ,,Maar as die Afrikanerdom se belange dit eis,'' het hy gesê, ,,as die toekoms van die volk dit eis, dan is ons bereid, een en almal, om deur die Empire se tronke en kampe te gaan, totdat die vlam van vryheid so hoog brand dat die hele volk in ligte laai staan. En in daardie vlamme sal verteer word, nie die Afrikanerdom nie, dog die Union Jack en die dubbele lojaliteit en die geldmag en die Empire. En daarin word gestaal en getemper die christelike-nasionale republiek wat al hierdie offers besiel het, die komende gesagstaat, nasionaal en sosiaal van aard,'' het hy besluit.**

## *Oproep Insake Werkverskaffing*

Onderstaande oproep wat ons van harte steun word gedoen deur die hoofleier van die Reddingsdaadbond.

As gevolg van die abnormale landsomstandighede waarin ons tans verkeer, is daar talle Afrikaners wat werkloos geraak het en vir wie dit haas onmoontlik is om vandag in die stede 'n nuwe werkkring te vind. Die BDB beskou dit as sy plig om vir dergelike persone 'n heenkome, al is dit van tydelike aard, te probeer vind. In die stede waar ons hoofkantoor en subkantore gevestig is, word reeds veel gedoen om betrekkinge vir werkloses te vind. As gevolg egter van toestande in die handel en nywerheid word dit vir laasgenoemde al hoe moeiliker om nuwe werkkragte op te neem.

Onder die omstandighede en as gevolg van die sukses wat hy reeds in dié verband gehad het, het die RDB dit op hom geneem om 'n grootskaalse poging aan te wend om diegene vir wie geen betrekkinge in stedelike gebiede gevind kan word nie, terug te verplaas na die land toe. Hier bestaan daar 'n gebrek aan werkkragte, is die lewenskoste laer en is die moontlikheid altans groter om 'n lewensbestaan te vind, al sou dit maar net wees totdat normale tye eendag weer aanbreek.

Om hierdie skema deur te voer is dit nodig dat daar 'n deeglike opname gemaak word eerstens van alle werklose persone vir wie 'n dergelike verplasing na die land nodig is en tweedens van alle goedgesinde boere wat bereid is om een of meer van hierdie werkloses by hul in te neem al sou dit maar net wees deur huisvesting te verleen aan 'n werklose en sy gesin.

Gevolglik doen die RDB nou 'n dringende beroep op die hele volk om mee te werk in hierdie groot saak. Afrikaanse organisasies word vriendelik versoek om of deur middel van die plaaslike RDB-Arbeidskomitee of regstreeks aan die hoofkantoor van die RDB (posbus 7714, Johannesburg) 'n opgaaf te verstrek van diegene wat as gevolg van huidige landsomstandighede hul werk verloor het. Die vorms wat vir elke werklose ingevul moet word, sal deur die RDB-hoofkantoor verstrek word.

Insgelyks word boere versoek om soveel moontlik mee te help om persone by hulle in te neem. Waar 'n boer hiertoe bereid is, moet hy of die plaaslike RDB-tak of die RDB-hoofkantoor daarvan in kennis stel. Die nodige vorms sal dan dadelik aan hom verskaf word.

Met hierdie saak kan daar nie lank gewag word nie. Daar is honderde wat reeds gebrek ly en wie se nood dadelik gelenig moet word. Dis 'n groot werk. Dis 'n noodsaaklike werk. Dis egte reddingswerk. Dis werk wat dadelik aangepak moet word — nie môre nie, vandag nog!

Die RDB het in die afgelope agtien maande reeds 1,481 persone regstreeks aan werk gehelp en 1,680 na werkgewers verwys waarvan 'n groot aantal seker ook geplaas is. In die afgelope vier maande is 213 mense aan werk gehelp.

## VIR GOODWOOD SE KINDERS

Op 30 November het die Goodwoodse vroue 'n volkspele-aand gereël in die Kerksaal. Die doel van die funksie was om fondse in te samel vir 'n kersfeesboom vir ons kinders. Dit was dan ook 'n groot sukses en na die dekking van onkoste was die opbrengs £20-8-9.


*Van Vryburg in Betsjoeanaland tot Ugie in Oos-Kaapland—*

*Van Middelburg op die Hoëveld tot Oudtshoorn in die Klein Karoo—*

*Van Kakamas aan Grootrivier tot Vryheid in Natal—*

*Lewer die* A.V.B.O.B. *die mees Bevredigende Diens*

*in*

*BEGRAFNISSE, KRANSE, GRAFSTENE, BALSEMWERK*

*EN ALLE ANDER BEGRAFNISVEREISTES*

A V B O B

Die AFRIKAANSE VERBOND BEGRAFNIS-ONDERNEMING BEPERK


Hoofkantoor:

ST. JOHNSTRAAT 65 - - BLOEMFONTEIN

116 Takke

A V B O B

# VIR DOELTREFFENDHEID



***Elke man op sy plek***

**Die Spesialiteit alleen is meester van sy amp**

***Net soos die soldaat opgelei is vir die gevegsfront, die boer vir die plaas — so is***

# SPOORBONDKAS

## *die toonaangewende Afrikaanse Volksbank*

## EN 'N SPESIALITEIT OP SY GEBIED!

Vir meer as vyf jaar dien Spoorbondkas reeds die volk van Suid-Afrika. Soos 'n mostertsaadjie het dit uit vrugbare aarde opgeskiet. Dag na dag word dit groter en sterker. Nou is dit al 'n groot boom onder wie se skaduwee menige persoon, op die pad na ekonomiese selfstandigheid, oornag.

Die vooruitgang van Spoorbondkas gepaard met die vertroue wat dit erlang, is nie blote toeval nie. Die geheim van sy sukses lê in die toepassing van gesonde besigheidsbeginsels. Daarom word daar van tyd tot tyd duisende nuwe persone tot sy klandisie toegevoeg.

### 'N SIMBOOL VAN VOORUITGANG EN TOEGEWYDE VOLKSDIENS!

| | DEPOSITO'S SALDOS | INGESKREWE AANDELEKAPITAAL | ANDER TRUSTGELDE EN LENINGS | VOORSKOTTE | ANDER BELEGGINGS | KONTANT-RESERWE | BEDRYFS-KAPITAAL |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | £ | £ | £ | £ | £ | £ | £ |
| 30 Junie 1941 ...... | 268,004 | 9,270 | 7,554 | 186,477 | 55,668 | 38,652 | 283,459 |
| 30 Junie 1942 ...... | 353,561 | 153,099 | 89,241 | 290,866 | 150,041 | 43,187 | 484,243 |
| 20 Oktober 1942 | 447,676 | 155,494 | 79,691 | 340,520 | 167,401 | 60,120 | 568,189 |

Die voorafgaande tabel is selfverklarend. Indien u 'n redelike rentevoet op u geld verlang en bowendien 'n veilige belegging wil maak, kan u gerus vir Spoorbondkas op die proef stel. Laat die geld waarvoor u swaar gewerk het, nou weer vir u soos volg rente verdien:

**5%** rente per jaar op vaste deposito's vir drie jaar en langer.
**4½%** rente per jaar op vaste deposito's vir 12 tot 30 maande.
**4%** rente per jaar op vaste deposito's vir ses maande.
**3½%** rente op spaarrekening op dagbalans.

U is egter geregtig op meer besonderhede. Vul dus onverwyld die onderstaande koepon in en 'n brosjure tesame met die nodige vorms sal dadelik gratis aan u gepos word.

# SPOORBONDKAS BEPERK

**Hoofkantoor — De Villiersstraat 15.**
**Foon 33-0337. Johannesburg. Bus 8289.**

**TAKKE DWARSDEUR DIE UNIE**

DIE SEKRETARIS,
Spoorbondkas,
Posbus 8289,
JOHANNESBURG.

Waarde Heer,
Stuur my asb. volledige besonderhede van beleggings, ens.
Die uwe,

NAAM ..............................................................

ADRES ..............................................................

..............................................................

# „Die Eerste Kersfees Was die Môre van 'n Nuwe Dag vir die Wêreld."

(Ds. T. N. Hanekom.)

**„En daar was 'n man in Jerusalem met die naam van Simeon . . . en daar was Anna en sy was op baie ver gevorderde leeftyd. . . ." (Luk. 2: 25 en 36).**

Die geboorte van Christus val saam met die skeidingsuur van die eeue. Die ou, afgeleefde wêreld was moeg en geestelik uitgeput. Jaar na jaar het dit duideliker geword dat die geskiedenis met 'n onverbiddelike gang ten dode neig en altyd dieper wegsink na donker afgronde. Dit was 'n tyd van ondergang! Dit is dan ook geen wonder dat uit die nood van die tye gebore is 'n smagtende verlange wat uitsien na 'n beter dag. Die hele mensheid was as 't ware vervul met 'n spannende verwagting na die koms van 'n Redder wat die wêreld sou verlos en op nuwe lewensweë lei. Maar alles was tevergeefs, totdat die Kerswonder die loop van die geskiedenis verbreek en die lig van nuwe hoop laat straal oor die donker wêreld.

Uit die Kersgeskiedenis leer ons dat die lewe dikwels voortkom uit die dood en dat 'n **ondergangstyd** tot **oorgangstyd verander** as God ingryp in die geskiedenis van die wêreld! Wie dit opnuut wil verstaan, ook as boodskap vir hierdie tyd, moet saam met my die eerste bladsy van die Nuwe Testament lees.

Dit is 'n ontroerende skouspel wat die Evangelies vir ons teken. Rondom die wieg van Christus staan, in heilige verrukking, soos geboë beelde, manne en vroue reeds in die aand van hul lewe. Hierdie vergrysde gestaltes is sinnebeelde van 'n wêreld wat was. Oud is hulle en afgeleefd, maar ook vol van dankbare vreugde. En wie sou nie dank nie?

By Bethlehem tog is gebore Hy op wie die wêreld gewag het. Dit was miskien heeltemal anders as wat die wêreld verwag het. Nie 'n magtige heerser, maar 'n **kind**, nie 'n paleis maar 'n **stal**, nie 'n praalwieg, maar 'n **krip** staan as wegwysers vir die wêreld op sy nuwe weg. En daar by kom nog **doeke**, afkomstig uit die huis van arm mense, so van die werkersklas! Dit was alles so anders en so eenvoudig! Maar wie hoog genoeg lewe om ook die eenvoud te verstaan en te waardeer, kan hier baie leer en by die grysheid wysheid vind en lig vir ons donker dag!

Op Kersfees staan ons weer rondom die kripwieg van die Christus-Kind! Daar sien ons dat die wêreld nie kan bestaan sonder die dragende krag van Gods genadehand. Daar staan veroordeel die beskawing sonder godsdiens, die vreugde sonder genade, die kuns sonder bekering en die kultuur sonder God! Daar by die krip sien ons weer Gods genadige bemoeienis met ons menslike lewe. Hy het ons nie aan ons lot oorgelaat nie, maar in genade genader tot die lydende mensheid, en gekleed in die mantel van die vlees, onder ons kom woon. Hy staan nie vér van ons maar het Hom vereenselwig met ons in alles — ons armoede, ons smaad en ons smart.

**Die koms van Christus na hierdie wêreld het plaasgevind tussen die bouvalle van 'n vervalle en verskeurde wêreld, maar was ook die dagbreek vir 'n nuwe dag wat oor die wêreld sou kom.** Daarom sing die gryse Kersbodes geen treursange by die wieg van Christus. Ons hoor by hulle geen ondergangstemme, maar vreugdeliedere vol verwagting en blydskap. Hulle staan nie met hul rug na die toekoms, maar tuur met starende blik vér na vore, waar alles wat in hulle tyd belofte was, in vervulling sou tree.

Telkens as ons Kersfees vier verlang ons weer na verandering van ons lewe en vernuwing van die wêreld. So voel ook ons vandag. **Wie die verlede terug verlang is met min tevrede! Wie die teenwoordige wil behou, is hard en harteloos en boos. In die skoot van die toekoms lê ons hoop en ons heil; om verandering en vernuwing bly ons gebed!** Die eerste Kersfees was die môre van 'n nuwe dag vir die wêreld! Ook hierdie Kersfees sal en kan dit vir ons word, as oud en jonk, hand aan hand, eens van sin en een van hart, neerkniel by die krip van Bethlehem en daar om hoër lig en leiding soek!

## 164 DAE SONDER VERHOOR OPGESLUIT

Op 8 Julie 1942 is twee jong studente, Johannes van Wezel en Johannes Beyers, in Kaapstad in hegtenis geneem in verband met brandbomme in 'n bioskoop. 'n Paar dae later is 'n minderjarige student in hegtenis geneem en saam met hulle opgesluit. **Hierdie manne sit dus nou al 164 dae in die tronk sonder dat hulle verhoor of aangekla is.**

Die gewone wet bepaal dat 'n gevangene binne 48 uur na sy inhegtenisneming voor 'n hof aangekla moet word.


MEUBELS

PRYSE STYG VINNIG.

*KOOP NOU!*

ONS HOU ALLEENLIK GOEIE KWALITEIT MEUBELS IN VOORRAAD.

Werda Meubelhandelaars (Edms.)

Beperk.

Groote Kerkgebou, KAAPSTAD.

Posbus 210. Foon 2-6806.



# *ONDERWYSERS!*

**Kies u Skool-handboeke uit die welbekende en populêre „Voortrekkerreeks."**

***Eenvoudig! Deeglik! Vertroubaar! Standaard!***

**AFRIKAANS:**

prof. dr. E. C. Pienaar. ('n Standaard
**Afrikaanse Spraakkuns,** derde verbeterde druk, deur prof. dr. A. C. Bouman en Werk) .......... 4/6
**Geskiedenis van Suid-Afrika, Deel I,** deur prof. dr. S. F. N. Gie. ('n Standaard werk) .......... 6/-
**Geskiedenis vir Suid-Afrika, Deel II,** deur prof dr. S. F. N. Gie .......... 7/6
**Geskiedenis van Suid-Afrika,** (1700—1914, deur Aric Stockenström, B.A. .... 7/-
**Europese Geskiedenis** (1775—1919), deur Eric Stockenström, B.A. — — — — 6/6
**Geskiedenishandboek vir die Junior Sertifikaat** deur Eric Stockenström, B.A. (Ook in Engels verkrygbaar.) 5/6
**Historiese Atlas van Suid-Afrika,** deur Eric Stockenström, B.A. .......... 20/-
**Aardrykskunde en Geskiedenis,** vir Standaards VII en VIII, deur Eric Stockenström, B.A. .......... 6/6
**Die Renaissance,** vir Standaards VII en VIII, deur Eric Stockenström, B.A. 1/4
**Die Verdedigingstelsel aan die Kaap,** onder die H.O. Kom. (1652—1759), deur P. E. Roux, M.A. — — — — — — 7/6
**Trigonometrie,** deur dr. E. T. Stegmann .. 4/6

**Meetkunde vir Junior- en Senior-Sertifikaat,** (volgens die nuwe sillabus), deur Du Toit en Pretorius .......... 6/6
**„Per Aspera,"** Eerstejaar Latynse Lees- en Grammatika-Handboek, deur J. J. Strasheim, M.A., met medewerking van prof. P. van Braam, Ph.D. — — 4/6
**Natuurkundige Terme** (Engels-Afrikaans), deur D. J. du Plessis, B.A., (Lektor in Skeikunde, P.U.K.) — — — — — 1/-
**Beknopte Leerboek oor die Natuurkunde,** deur prof. W. E. Malherbe. Oor die 300 bladsye. (Ryk geïllustreer) — — 12/6
**Landbou,** volgens die Junior-Sertifikaat Leerplan, deur H. G. Viljoen, B.Sc., Agric .......... 6/-
**Liggaamsopvoeding in die Skool,** deur dr. A. Obholzer .......... 5/-
deur prof. W. E. Malherbe, prof. dr.
**Inleiding tot die Natuurwetenskappe,** bewerk en uitgebrei tot en vir Matriek, C. D. van der Merwe en prof. dr. D. F. du Toit. (Ryk geïllustreer en baie oefeninge) .......... 7/6
**Fisiese Gemie,** deur prof. dr. D. F. du Toit .......... 10/6
**Landboubakteriologie,** deur prof. dr. P. A. van der Byl en prof. I. de V. Malherbe 12/6
**Handboek oor Wynbou,** deur prof. dr. A. I. Perold. (Ryk geïllustreer. 'n Standaard Werk) — — — — — — — 17/6
**Eksperimentele Physiologie,** deur dr. H. E. Brink .......... 10/6
**Praktiese Physiologie,** deur dr. H. E. Brink .......... 5/-
**Inleiding tot die Studie van Suid-Sotho,** deur dr. B. I. C. van Eeden .......... 11/9
**Inleiding tot die Empiriese Opvoedkunde,** deur dr. J. Chris. Coetzee .......... 6/-
**Skandinawiese Vertellinge,** deur prof. A. C. Bouman, Litt.D., en dr. C. G. S. de Villiers, M.A., Ph.D. — — — — 5/6

**ENGELS.**

**History Handbook,** for Junior Certificate, by Eric Stockenström, B.A. .......... 5/6
**New Matriculation History,** (Part I), by Eric Stockenström, B.A. .......... 5/6
**New Matriculation History** (Part II), by Eric Stockenström, B.A. .......... 6/6
**Geometry for Junior and Senior Certificate,** (New Syllabus), by Du Toit and Pretorius .......... 6/6
**Trigonometry,** by Dr. E. T. Stegmann .. 5/6
**Common Idiomatic Phrases,** for Matriculation Students, by Rev. P. J. Loseby, M.A. .......... 2/6

**BIBLIOTEEK- EN PRYSBOEKE.**

**Vername Persone uit die Suid-Afrikaanse Geskiedenis,** Deel I, deur Eric Stockenström, B.A. .......... 6/-
**Die Afrikaanse Vrou,** deur Eric Stockenström, B.A. .......... 6/-
**Maryna,** deur mev. Malherbe-Carinus .. 5/-
**Die Ou Bybel,** deur mev. S. Niemeyer .. 3/6
**Die Arme Blanke,** deur Willem Landman 3/6
**Die Eerste Afrikaanse Grappebundel** .. 5/-
**Mietes en Sagas** (geïllustreer), deur mev. P. van Braam .......... 6/6
**Suid-Afrikaanse Soogdiere,** (Leesboek), deur dr. C. S. Grobbelaar, met 'n voorwoord deur prof. J. J. Smith, (Ryk geïllustreer) .......... 6/6

**LIEDERBUNDELS.**

**Nuwe Volkspele,** Hester Morrison en M. L. de Villiers .......... 4/3
**Volksliedere** (Deel I) .......... 2/-
**Volksliedere** (Deel II) .......... 2/9
**Twintig Skoolliedjies,** met Solfa en Aksies 3/-

***Verkrygbaar by u Boekhandelaar of direk van***

## Pro Ecclesia-Drukkery, Bus 28, Stellenbosch

# STEEDS VORENTOE!

In weerwil van die oorlogsomstandighede het SANLAM vanjaar al sy vorige behalings oortref. Waar besigheid in die algemeen 'n mate van verslapping getoon het, het ons 'n jaar van buitengewone vooruitgang gehad—'n vooruitgang waaroor ons polishouers hoogsvoldaan en trots kan wees:

- Ons het *nuwe polisse* vir 'n netto versekerde bedrag van £7,210,164 vanjaar uitgereik, teenoor £6,615,022 verlede jaar.
- *Ons Inkomste uit Premies* was £1,152,388 teenoor £994,258 verlede jaar.
- *Rente, Diwidende en Huur* het vanjaar vir ons £215,785 ingebring, in vergelyking met £185,535 verlede jaar.
- *Ons Lewensversekeringsfonds* het met £738,270 aangegroei sedert verlede jaar, en bedra nou £5,337,049.
- *Ons Winste* vir die jaar het £273,593 bedra. Hieruit is 'n saamgestelde bonus van £1-10s. persent verklaar op alle winsdelende polisse wat op 30 Sept. 1942 van krag was, en verder is daar ook nog 'n bedrag van £75,000 opsygesit om ons Gebeurlikheidsfonds en ons reserwe vir moontlike oorlogseise te versterk.

Dit alles is opnuut bewys dat SANLAM selfs in hierdie abnormale tyd vas op sy voete staan en dat ons polishouers se assuransiesake in veilige hande is.

SANLAM

SUID-AFRIKAANSE NASIONALE LEWENS ASSURANSIE MPY., BPK.
— TAKKE DWARSDEUR DIE UNIE —
HOOFKANTOOR. WAALSTRAAT 28. KAAPSTAD

DIE O.B., VRYDAG, 18 DESEMBER 1942.

# Ons Ken Die Weg

Dit het al by ons gewoonte geword om by geleenthede van volksfeeste die heldedade van ons voorvaders te loof, en seer seker het ons die volste reg daartoe, want hoewel ons nog maar klein in getal is, het ons volk beroemd geword deur die heldedade waarmee sy geskiedenis oor 'n klein tydperk geskryf is. Vir 'n volk wat in lewensnood verkeer en in baie opsigte in dieselfde toestand van verlorenheid gedompel is as die voorgeslag, is dit bemoedigend om te kan put uit 'n heldeverlede, maar dan moet hy ook by die regte bron begin.

Desember is 'n maand wat in ons geskiedenis skerp uitstaan weens die geskiedkundige militêre en politieke beslissings wat in hierdie maand geval het — ons dink by voorbeeld aan die veldslae van Magersfontein, Colenso, Bloedrivier, die doodskiet van Jopie Fourie, die dood van genl. Beyers, die volksvergadering van Paardekraal en die beroemde De Wildt-toespraak van wyle genl. Hertzog.

In hierdie maand het ons volk dikwels met groot en sterk vyande tot die dood toe moes worstel. **Maar die maand Desember sal ook altyd in ons geskiedenis aangeteken staan as 'n maand waarin ons volk met sy Skepper geworstel het,** en dit is hierdie aspek van ons volksverlede wat ons vanjaar graag wil beklemtoon.

Ons volk het in die verlede tot groot hoogtes gestyg en hy kon dit doen deels uit krag van die karakter-eienskappe wat hom ingeskape is, maar hy kon dit bowe-al doen uit krag van die feit dat hy ook diep laagtes kon bereik, laagtes van ootmoed en selfverloëning. Dit is nie die wapenfeit van 16 Desember wat Bloedrivier by ons jaarliks in herinnering hou nie, want daar was 'n tyd toe ons as volk hierdie dag nie meer herdenk het nie, dog dit is die gelofte van 9 Desember en die daaropvolgende dae wat ons dwing om hierdie dag te onthou. En dit sou waarskynlik ook nie so gewees het nie, was dit nie dat ons voorvaders in Desember 1880 tot die boetvaardige ontdekking gekom het dat hulle self die skuld vir hul staatkundige vernedering moes dra weens die verwaarlosing van hierdie deel van hul verlede nie.

Ons lees in die geskiedenis hoe die Voortrekkers, toe dit geskyn het of hul onderneming na volksverwesenliking in Natal in bloed gesmoor sou word, die oë gerig het op 'n man wat hulle tot veiligheid sou lei, en hoe daardie man uit die Kaapkolonie gaan haal is. **Hy het hul militêre leier geword, hul Kommandant-generaal, want daardie mense het geweet dat hulle in die eerste instansie self verantwoordelik is om te veg vir wat hulle ontneem is en te beskerm wat hulle gegee is. Eers wanneer die wil tot selfverdediging in dade geopenbaar word, het jy die reg om die hulp van 'n ander tot jou eie beskerming in te roep.** En nadat hierdie mense in slagorde opgestel was om die vyand in sy duisende tegemoet te gaan, het hulle ook besef dat dit by mense onmoontlik is, maar by God is alle dinge moontlik. **Sewe dae lank het hulle in die gebed geworstel en „die gebed van 'n regverdige vermag baie." Op 16 Desember het die onmoontlike moontlik geword en 'n volk se bestaan is gered.**

Weereens is daardie volk se toekoms in die weegskaal geplaas toe hul land in 1877 hulle deur Engeland ontneem is. Drie jaar lank het hulle deur middel van proteste en deputasies gepoog om hul verlore vryheid te herwin, dog alles tevergeefs. Wat kon die klein Transvaalse bevolking in eie krag doen om hom van die Britse veroweringsmagte te bevry? Net een ding: **hulle het by Paardekraal byeengekom, in ootmoed neergebuig en hulp afgesmeek van Hom op wie hulle vertrou het.** Wat onmoontlik gelyk het, het moontlik geword en Majuba staan as getuie daarvan.

Ook vandag staan ons volk voor 'n toekoms

(Vervolg onderaan kol. 3)

## BOODSKAP VAN DS. STANDER

Die voorsitter van die Grootraad, ds. S. J. Stander, stuur die volgende Kersboodskap:

Die tyd om die koms van die Vredevors op aarde te gedenk, is weer daar. Dit klink byna ironies en huigelagtig om in hierdie tyd van twis, tweedrag, stryd en oorlog die koms van 'n Vredevors feestelik te herdenk. Tog is dit nie so nie, want Hy het nie gekom vir uitwendige vrede tussen mense van allerlei ideologie en aanhang nie, maar in die eerste plaas om vrede tussen mens en God, en voorts vrede in die mens self en dan eers onderling te bewerkstellig. Ons kan dus en behoort die eerste twee te hê lank voor die laaste verseker is, en al sou ons ook selfs faal om die laaste bewerkstellig te kry.

Elke O.B.-lid moet seker wees van vrede met God deurdat die vyandskap afgelê is, die skuld versoen deur die bloed van Christus en die Heilige Gees die hart vervul en die lewe waarlik tot beskikking van God in diens van Sy ryk, ons Volk en Land gestel is sonder voorbehoud.

Vrede omdat ons weet dit is reg tussen ons en God en omdat ons weet ons is op Sy pad en ook op die pad van Suid-Afrika in diens van ons God, ons Volk, ons Land Suid-Afrika.

Hierdie vrede wens en bid ek elke O.B.-lid van harte toe met Kersfees. Mag dit u Kersseën en -vreugde wees. Verder voort dan vol moed en met alle mag en krag! Op mars tot bereiking van ons ideaal: 'n Vrye Volk en Land op Christelik-nasionale grondslag.

„En mag die God van alle genade wat ons geroep het tot Sy ewige heerlikheid in Christus Jesus nadat ons 'n kort tyd gely het, julle volmaak, bevestig, versterk en grondves!"

## „ONS ERFENIS SKEMER OP DIE GESIGSEINDER"

Die Kommandant-generaal stuur onderstaande boodskap aan die Ossewabrandwag:

As Kersfees- en Nuwejaarsboodskap aan die Ossewabrandwag kan ek die persoonlike versekering gee dat die Beweging in die afgelope jaar gestaal en innerlik gesterk is. Ons vyande wou ons breek. Generaal ds. Stander sê: „Hulle het ons nie gebreek nie, maar hulle het ons wel gebrei." In die jaar 1943 sal daar onsekerhede wees, maar met sekerheid kan ons aanneem dat, nes 1942, 1941 en 1940, die Ossewabrandwag met klopjagte, dreigemente en arrestasies te reken het. **Omdat hy die Afrikanertoekoms in sy boesem dra, moet die Empire hom vernietig. En juis omdat hy die Afrikanertoekoms in sy boesem dra, durf hy nie vernietig word en gaan hy nie vernietig word nie.**

Die Empire steier sy einde tegemoet, en die Afrikanerdom se erfenis skemer op die gesigseinder.

Mag elke Brandwag dieselfde volharding en Godsvertroue in 1943 besit wat hom of haar deur 1942 gedra het.

**En in hierdie tyd betaam dit elkeen om te dink aan die afhanklikes van ons broers in kampe en tronke van die Empire en om hulle by te staan, regstreeks of deur die Noodhulpfonds.**

Uit die offers van die ou jaar skep ons die besieling van die nuwe.

(Get.) J. F. VAN RENSBURG.

## VOLKSKRAG LÊ BUITE PARTYE

Die volkskrag lê buite en nie binne die Parlement nie, net soos die krag van 'n volk nie binne 'n parlementêre orgaan, nl. 'n party gesoek kan word nie.

Partye binne en buite die Parlement bestaan deur skeidslyne tussen Afrikaner en Afrikaner te trek, en bly as partye deelgroepe van die geheel.

# Opsaal Boere!

Onderstaande boodskap is van genl. J. A. Smith, Assistent-kommandant-generaal:

Mede-offisiere en Brandwagte roep mekaar die hartlikste seënwense by die nadering van Kersdag en die Nuwejaar toe. Hartliker as ooit tevore is hierdie broederlike groet hierdie keer onder die besondere omstandighede waarin ons verkeer.

Agter lê 'n harde en taaie stryd in die jaar wat verby snel. Voor ons lê 'n nog harder en taaier stryd as die wat verby is, want

„Die stryd wat ons vadere begin het,
sal woed tot ons sterf of gewin het."

Wanneer ons aan die einde van die jaar 'n wyle stilstaan op die weg van die mense se nimmereindigende lewenstryd, sien ons in 'n terugblik bo al die teenspoede, beproewings of teleurstellings die seëninge, geluk en oorwinnings uitstaan as mylpale wat ons behaal het. Alle ervarings, soet of suur, dien tot aanvuring om steeds sterker en taaier te word, sterker voort te beur en taaier om uit te hou.

Teenslae net soos welslae bring groter vasberadenheid. Dit is kennelik bewaarheid in ons volksbeweging hierdie afgelope jaar. Gehard en gestaal staan die Ossewabrandwag aan die einde van 1942 met 'n blik op die toekoms, die toekoms wat in hom die belofte van 'n verrese Afrikanerdom hou.

„So staan ons vasberade,
en gee mekaar die hand,
in die Ossewabrandwag,
Vir die vryheid van ons land."

Geprikkel deur die stryd teen ons, aangevuur deur die ideale waarvoor ons stry en bemoedig deur die offervaardigheid van die tienduisende Brandwagte, tree ons die nuwe jaar in, versekerd van die uiteindelike oorwinning van die rewolusie vir 'n eie vrye Volksgesagstaat ingerig om vir die volk te verseker die hoogste en mees algemeen uitgebreide mate van volksgeluk en volkswelsyn, sowel geestelik as stoflik.

Vir die nuwe jaar roep ons u op:

„Opsaal, Boere! Die Brandwag roep!
Getrou op ons poste sal ons staan!
Die lig van die môre het aangebreek,
Die duistere nagtyd is verby, verby;
Opsaal, Boere! die Brandwag roep!
Getrou op ons poste sal ons staan."

Saam met al die ander wens ek u toe 'n geseënde Kersfees en 'n Voorspoedige Nuwejaar.

(Vervolg van kol. 1)

so donker dat dit in woorde nie geskilder kan word nie. Was dit voorheen nog altyd net 'n deel van ons volk wat in gevaar verkeer het, hierdie keer word ons volk se ganse bestaan sowel geestelik as fisies bedreig. Binne die Ossewabrandwag staan ons volk in slagorde gereed om met sy lewe te beskerm wat syne is. Ons volk is gelaai met moed en daadkrag en die uur van beslissing kom nader. Net soos ons voorvaders is ons geroepe om geskiedenis te maak wat tot die nageslagte sal roep. Laat ons nie vergeet nie om ook soos ons vaders die hoofde te buig en ons uitkoms af te smeek van Hom wat alleen in staat is om 'n volk te red. Laat ons hierdie Desember weer 'n maand van Godverankering maak, want dit wek geloof en geloof sterk vertroue en vertroue skenk moed. Laat ons die nuwe jaar met moed ingaan, want voor ons wag 'n tweede Majuba. Waar die verlede so duidelik spreek, laat ons verhoed dat die nageslag — indien daar dan wel een sal wees — ons verwyt dat ons die weg geweet het maar nie bewandel het nie.

Ons Kommandant-generaal het by geleentheid van sy verjaardagviering 'n ernstige beroep op die volk om voorbidding gedoen. Laat ons nie agterweë bly nie, maar aan die nageslag toon uit watter rots ons gekap is.

# *Groot Trek 'n Volksbeweging wat deur Valse Leiers Bestry Was*

(Dr. J. A. Wiid.)

**Die beslissende Voortrekker-oorwinning by Bloedrivier, op 16 Desember 1838, wat sedert dien jaarliks as Dingaansdag, 'n nasionale feesdag, herdenk word, is veel meer as 'n gewone militêre oorwinning van Voortrekkers op inboorlinge.**

**In Dingaansdag word gesimboliseer die oorwinning van die Afrikanerdom, van die Westerse beskawing in Suid-Afrika oor Dingaan en sy wrede barbarisme waaronder blankes sowel as nie-blankes so veel te ly gehad het.**

So lank as daar 'n Afrikanerdom is, sal 16 Desember 1838 dan ook altyd herdenk word as 'n hoogtepunt in die Groot Trek, as een van die hoekstene van die Boererepublieke van die 19de eeu en as 'n mylpaal in die wordingsgeskiedenis van die Boerenasie in die besonder en van die Westerse beskawing in Suid-Afrika in die algemeen.

## DIE GROOT TREK 'N VOLKSBEWEGING

Die Groot Trek was 'n volksbeweging in die ware sin van die woord. Dit is nie deur volksleiers in staat en kerk georganiseer nie. Die grensboere het nie oor 'n pers beskik wat vir hulle gedink het nie. Spontaan en in storm en drang gebore, het die Voortrekker as 't ware intuïtief gevoel wat hom in sy geboorteland geknel het en hoe hy van hierdie knellende bande ontslae moes raak. Onder die getuienisse van die Trekkers self is die bekende manifes van Piet Retief die beste formulering van die destydse grensboer se standpunt. Die manifes bevat aanklagtes teen die destydse gesagvoerders en 'n program vir die toekoms. Wat die laaste betref, laat ons Retief self aan die woord:—

„Ons is beslote om, waar ons ook al mag gaan, die beginsel van **ware vryheid** hoog te hou; — dog, waar ons sal sorgdra dat niemand in 'n toestand van slawerny gehou word nie, daar is ons ook vasbeslote om behoorlike wette daar te stel tot onderdrukking van misdaad, en om 'n behoorlike verhouding te bewaar tussen heer en diensbode. . . .

Ons neem hierdie geleentheid tewens te baat om te verklaar **dat ons vaste besluit is om voorsiening te maak vir summiere bestraffing, selfs met die dood, van alle verraaiers wat daar onder ons mag wees . . .**

**„Ons verlaat die Kolonie onder die volledige versekering dat die Engelse Regering niks meer van ons te vorder het nie, en ons sonder verder bemoeiing sal toelaat om ons in die toekoms self te bestuur.**

„Ons vertrek nou uit ons vrugbare geboorteland, waar ons enorme skade gely het en voortdurend blootgestaan het aan ergernis, om ons te gaan vestig in 'n woeste en gevaarlike gebied; maar ons gaan met 'n vaste vertroue op 'n alsiende, regverdige en genadige God, wat ons altyd sal vrees en in alle nederigheid sal probeer gehoorsaam." (Ek onderstreep).

Die getuienisse van Retief en van ander Trekkers is duidelik genoeg. Die Afrikaners van daardie tyd, d.w.s. dertig jaar na die Britte die Kaap beset het, het vreemdelinge geword in hul eie vaderland, die land wat gedurende byna tweehonderd jaar deur hulle voorvaders met goed en bloed bewoonbaar gemaak is. Hul taal het nie langer 'n offisiële status geniet nie; ou instellings wat saam met die Afrikaner wortel geskiet het, is deur Britse instellings vervang; Skotse predikante het op Afrikaanse kansels verskyn; van owerheidsweë is hulle enorme ekonomiese verliese berokken. Die ergste was egter dat hulle bo dit alles nog beswadder is en as wrede onderdrukkers en uitbuiters van onskuldige inboorlinge uitgekryt is. Om sy indentiteit, sy siel te bewaar het die Afrikaner huis en haard verlaat en besluit om te trek, trek, trek. Die geskiedenis van die Groot Trek en van die Boere-Republieke lewer bewys hoe die volksiel van die Afrikanerdom in die Noorde bewaar gebly het om later ook die slapende Afrikanerdom van die Suide wakker te skud.

## VALSE VOLKSLEIERS

Die volksbeweging wat in die Groot Trek tot uiting gekom het, is deur tydgenote, Afrikaners sowel as nie-Afrikaners, baie ongunstig beoordeel. **Afrikaner-leiers in staat en kerk het die volksbeweging nie begryp nie. Vir manne soos Stockenstrom, die Cloetes, Truter, die Van Ryneveld, en ds. Faure, manne wat deur opleiding en ondervinding eintlik as Afrikanerleiers aangewese was, was die Groot Trek iets uit die bose. Volgens hierdie mense was die Trekkers misleide en verdwaasde mense en saam met die Britse gesagvoerders het hulle alles in hul vermoë gedoen om die Trek te verydel.** In April 1838 het goewerneur Napier die Ned. Gereformeerde predikante in 'n proklamasie versoek om „deze razernij van emigratie" teen te gaan. Dit was nie juis nodig om 'n dergelike versoek aan die predikante te rig nie want reeds ses maande vroeër het die Sinode 'n herderlike brief uitgereik waarin die groot meerderheid van die Sinode sy leedwese uitspreek dat soveel lidmate van die Kerk „hunne haardsteden en altaren hebben verlaten en zonder eenen Mozes en Aaron de woestyn introkken." Voorts word verklaar „dat ook de Synode hare goedkeuring geenzins hechten aan het voornemen van velen die deze Nomaden op het spoor wenschen te volgen." Die lidmate van die Kerk word ten slotte vermaan om aan die „overigheid onderworpen te zijn." Die Ring van Graaff-Reinet, d.w.s. die distrikte vanwaar die Voortrekkers hoofsaaklik gekom het, het nog 'n stap verder gegaan deur te weier om belydenis van Trekkers af te neem of hulle met die Sakramente te bedien. Die standpunt van die Regering ten opsigte van die Voortrekkers is dus deur die Kerk gedeel. **Dit is verklaarbaar want die predikante van daardie tyd was nie alleen deur die staat gesalarieer nie maar ongeveer die helfte van hulle was ingevoerde Skotte. Dit was dus hier 'n geval van mense (amptenare sowel as predikante) wat 'n volksbeweging vyandig gesind was omdat dit met hul persoonlike en gevestigde belange gebots het. En tog was dit nie die Stockenstroms, die Cloetes en die Faures wat geskiedenis gemaak het nie, maar juis die Voortrekkers, die „nomade" soos hulle deur die Sinode bestempel was.**


## WARE VOLKSLEIERS

Die Voortrekkers het egter nie sonder 'n „Mozes en Aaron" die woestyn ingetrek nie. Onder omstandighede van storm en drang het trekkerleiers opgestaan wat die moed gehad het om leiding te gee. Toe die nood in Natal die hoogste was, was daar b.v. 'n Andries Pretorius, die Kommandant-generaal, wat by Bloedrivier die vuurproef glansend deurgestaan het. Dit was dieselfde Andries Pretorius wat ná Bloedrivier daarvoor geywer het om die Trekkers in Transoranje en in Transvaal met dié van Natal te verenig. Dit was dieselfde Pretorius wat na die Britse anneksasie Natal verlaat het en die wapens teen die Britte in Transoranje opgeneem het. Dit was ook Pretorius wat die groot vernuf gehad het om die politieke konstellasie in 1852 uit te buit en die Britse erkenning van die onafhanklikheid van die Suid-Afrikaanse Republiek in die Verdrag van Sandrivier te bewerkstellig. Behalwe Pretorius het die drang en nood van die Groot Trek ook ander leiers gelewer. Die geskiedenis van die Boerenasie lewer ook ander voorbeelde. So was dit b.v. 'n Paul Kruger en later 'n Barry Hertzog wat in tye van krisisse die regte leiding kon gee. Soos by ander volke, lewer ons geskiedenis egter ook voorbeelde van valse leiers en verkeerde leiding in tye van storm en drang. So was dit b.v. die welsprekende maar onpraktiese Thomas Burgers wat deur sy onbekwaamheid baie daartoe bygedra het om sy land in die ongeluk te dompel.

Wat staan daar vandag vir die Boerenasie voor die deur in hierdie grootste van alle wêreldkrisisse?

## BEHOEFTIGE MOEDER STEL DIE VOORBEELD

**Ons het reeds telkens gewag gemaak van behoeftige volksgenote wat in hierdie tyd van nood binne die Ossewabrandwag klinkende dade verrig in belang van ons volk. 'n Pragtige voorbeeld is verlede week weer in Stellenbosch gestel deur 'n behoeftige moeder, mev. H. van Eck, wat £1 belowe het as bydrae tot die hoofgenl. Schoeman-fonds vir afhanklikes van geïnterneerdes indien die spesiale poging van die Stellenbosse kommando's £100 inbring. Die twee kommando's het £111 ingebring, en onmiddellik daarna het die beloofde pond die generaal bereik vergesel van 'n bemoedigende brief.**


- Silwerpleet kommetjies — dieselfde as die silwer kommetjie behalwe dat dit silwerpleet is. 'n Ideale geskenk teen 6/- elk.
- Asbakkies van Glas met die voortrekkerwa motief in satyn uitvoering. 'n Waardevolle geskenk om die huis te verfraai. 2/- elk.
- Silwerpleet Sigaretdoos, effe geboë met monument motief en kaart van Suid-Afrika waarop die Voortrekkerpad aangedui is. Noudat Sigarette nie meer in dosies verpak word nie sal hy soiets waardeer. 10/6 elk.
- Houtspeelgoed. 'n Groot en aanloklike verskeidenheid.

UNIEWINKELS
(KOOPERATIEF) BEPERK
GEREGISTREER ONDER WET NR 28 VAN 1922
POSBUS 909 - - - - - - - PRETORIA.



AFRIKANERS

Dis nie genoeg om jul mede-Afrikaners met woorde aan te moedig nie, ondersteun hulle met dade en stuur al jul produkte, vrugte en pluimvee aan die bekende markagente

**G. C. DU PLESSIS EN KIE.,**
**MÔREMARK, JOHANNESBURG.**

Hoogste pryse, eerlike behandeling en onmiddellike afrekening gewaarborg.

Posbus 2817.
Telegrafiese Adres: „Duplesko."
Bankiers: Volkskas, Johannesburg.

## KAMP VIR JEUGFRONT

Die Transvaalse Jeugfront hou van 5 tot 15 Januarie weer 'n kamp en wel hierdie keer op die pragtige Majuba-terrein wat deur die Ossewabrandwag in 'n heerlike vakansie- en plesieroord omgeskep is. Die vorige kamp is in Junie by Olifantspoort, Nylstroom, gehou, en was met besonder groot welslae bekroon. Die dissipline en toesig op hierdie kampe word nougeset nagekom sodat ouers met groot vrymoedigheid hul kinders daarheen kan stuur.

Die Transvaalse Dagbestuur het onlangs besluit om die Jeugfront so te organiseer dat dit 'n spesiale afdeling van die Ossewabrandwag sal vorm. Die adjudant-veldkornette staan nou bekend as jeugveldkornette. In elke generaalskap is 'n jeugkommandant en in elke hoofgeneraalskap 'n jeug-hoofkommandant. Daar is ook twee afdelings vir kinders, nl. tussen 6 en 12 jaar en tussen 12 en 18 jaar.


# KENNIS IS MAG

HELPMEKAAR reik u die helpende hand om vir uself 'n suksesvolle toekoms te verseker.

## OOR DIE 200 KURSUSSE

Omdat die Helpmekaar die enigste

SUIWER OPVOEDKUNDIGE

Korrespondensie Kollege in S.A. is, bied ons u aan :—

## DIE BESTE KURSUSSE TEEN DIE BILLIKSTE FOOIE

Die Helpmekaar kan ook vir U doen wat ons reeds vir duisende ander Afrikaners gedoen het.

Neem u eerste stap op die leer van sukses en

## POS DIE KOEPON VANDAG!

Die Besturende Direkteur,
Helpmekaar Korrespondensie Kollege,
Posbus 3512, Voortrekkergebou,
JOHANNESBURG.

Stuur my asseblief besonderhede omtrent u korrespondensie Kursusse.

Ek stel belang in............................

Naam :............................

Adres :............................

O.B. (Datum) 18/12/42 ............................

Besturende Direkteur: Dr. H. G. Luttig, M.A.(S.A.), D.Litt. et Phil. (Leiden).
Mede Direkteure: J. H. Greijbe (voors.), S. N. van Vuuren, P. Joubert, P. J. v. Z. Hattingh, A. C. v. W. Ströh.

# HELPMEKAAR

## KORRESPONDENSIE KOLLEGE

Voortrekkergebou 310, Hoekstraat 18.

**Posbus 3512. JOHANNESBURG, Foon 22-3512.**



# Schoemanello-Drank

**VIR KWALITEIT EN TEVREDENHEID DIE GOEDKOOPSTE**

| | PER BOTTEL. Wanneer u van 1 tot 5 bottels neem in gemengde kissie van 12 bottels. | PER BOTTEL. In bottels om van 6 tot 12 bottels van een soort te neem in kissie van 12 bottels. | PER GELLING. In 5-gelling vaatjies of meer. |
|---|---|---|---|
| WYNE: | | | |
| Fonkelwyn | 5/- | 5/- | — |
| Lewenswyn | 3/6 | 3/6 | — |
| Vermouth | 2/6 | 2/6 | — |
| Hanekraai-Cocktail | 2/6 | 3/- | — |
| Likeurwyn | 2/- | 1/8 | 8/6 |
| Jeripigo, Rooi | 1/3 | 1/1 | 6/- |
| Jeripigo, Wit | 1/3 | 1/1 | 6/- |
| Soet Muskadel | 1/2 | 1/- | 5/6 |
| Port | 1/2 | 1/- | 5/6 |
| Worcester Hock | 1/1 | 11d. | 5/- |
| Pontak | 1/1 | 11d. | 5/- |
| Spesiale Sjerrie | 11d. | 10d. | 4/6 |
| Sjerrie | 10d. | 9d. | 4/- |
| BRANDEWYNE: | | | |
| Schoemanello | 5/9 | 5/- | 26/6 |
| Ekstra Spesiaal | 5/6 | 4/9 | 25/- |
| F.C. | 5/- | 4/3 | 24/- |
| JENEWER | 6/- | 5/- | — |
| LIKEURS: | | | |
| Kersie-Brandewyn | 5/- | 4/3 | 24/- |
| Anys-Brandewyn | 5/- | 4/3 | 24/- |
| Gemmer-Brandewyn | 5/- | 4/3 | 24/- |
| Lemoen Brandewyn | 5/- | 4/3 | 24/- |
| Peperment-Likeur | 5/- | 4/3 | 24/- |
| Van der Hum | 5/- | 4/3 | 24/- |
| JENEWER LIKEURS: | | | |
| Lemoen Jenewer | 6/- | 5/- | — |
| Suurlemoen-Jenewer | 6/- | 5/- | — |

Voeg by 5/- vir kassie en bottels, en 12/6 vir vaatjie wat vergoed sal word by terugsending. Ons lewer drank in ons inhouers solank ons voorrade van inhouers het, en alleenlik op voorwaarde dat die inhouers binne sestig dae aan ons terug besorg word. Weens bottel skaarste kan ons alleenlik in ons eie bottels, kissies drank verpak, waar sulke drank 'n minimum prys van £1-15-0 beloop. Indien goedkoper kissies verlang word moet u u eie inhouers aan ons stuur.

Word verkoop in 12-bottel-kissies of 5-gellingvaatjies of groter. U kissie van 12 bottels kan Wyn, Brandewyn, Jenewer, Likeur, Vermouth en Hanekraai bevat. Terme: K.M.B., plus treingeld na sylyne K.B.A., plus treinkommissie. V.O.S. OUDTSHOORN.

BESTEL VAN

**JURGENS SCHOEMAN**

POSBUS 142. OUDTSHOORN.



## MARKAGENTSKAP

### Vroee Môre-Mark

KAAPSTAD

*Betaling geskied onmiddellik, weekliks, maandeliks of soos verlang.*

BESTE HEERSENDE PRYSE.

*MINNAAR & VAN SCHOOR*

Eienaar: GUSTAV RETIEF.

Telefoon 2-0212.



## W. VOIGT BPK.,

HUGENOOT.

*Fabrikante van . . .*

*Kelder en Besproeiings Masjienerie, Sleepwaens, Boerewaens, Ens., Ens.*

Foon: Paarl 23.

**Posbus 10, Hugenoot.**


*ONDERSTEUN ONS BLAD DEUR DAAROP IN TE TEKEN*

# Afrikaanse Vordering op Handelsgebied

Ons wil hier stilstaan en terugkyk op die afgelope paar jaar, wat veral gekenmerk word deur die doelbewuste pogings en positiewe strewe van die Afrikanervolk om sy ekonomiese erfenis terug te wen. Weens gebrek aan ruimte wil ons die verskillende rigtings waarin die Afrikaner op handelsgebied afstuur slegs kortliks in oënskou neem. Dis ons nie te doen met winsbejag ten behoewe van private voordeel nie, maar wel met die verskillende besigheidsterreine wat ontgin word in belang van die volk.

Bekyk teen die historiese agtergrond van ons volksverlede, sien ons die onweerlegbare feit dat die Afrikanervolk geroepe is om 'n eie Afrikanernasie met 'n eie taal en kultuur, 'n eie maatskaplike, staatkundige en ekonomiese struktuur daar te stel en om dit op en uit te bou in 'n vorm wat by ons volksaard en ons besondere volksomstandighede kan aanpas. In hierdie wordingsproses moet steen vir steen sorgvuldig ingemessel word om te verseker dat die struktuur stewig sal wees. Een van ons geleerdes het gesê:

„Alleen die dinge wat uit die volk gebore is en by die volksaard aanpas, gee alles wat die volk nodig het vir die ontluiking van sy siel."

So het die Afrikaner dan in die afgelope jaar hom begin toespits op die kernvraagstuk van ekonomiese selfstandigwording en tot 'n nuwe terrein toegetree, naamlik die handel. Die toetrede tot hierdie terrein is vir die Afrikanervolk van die allergrootste belang, want hier is grotendeels sy toekoms en welvaart op die spel.

By die simboliese Groot Trek in 1938 het alles wat Afrikaans is ons op handelsgebied 'n nuwe stukrag gekry en het die Afrikanervolk in verskillende besigheidsrigtings die pad gevolg wat lei tot ekonomiese selfstandigheid. Op hierdie trekpad vind ons o.a. b.v. die volgende Uniale besigheidsondernemings wat reeds bewyse gelewer het dat hulle die Afrikanervolk op ekonomiese terrein tot diens kan wees:

1. In die Versekeringswese vind ons SANLAM en SANTAM.
2. In die Bankwese: SASBANK, SPOORBONDKAS en VOLKSKAS.
3. In die Groothandel: DIE KOPERSBOND.
4. In die Filmbedryf: VOLKSBIOSKOPE.
5. 'n Bougenootskap: UNIE-BOUVERENIGING.
6. 'n Begrafnisonderneming: AVBOB.
7. In die Kleinhandel: „Uitrusting":— UNIEWINKELS (KOÖP.) BPK.
8. In die Opvoedkundige rigting: HELPMEKAAR-KORRESPONDENSIE-KOLLEGE.
9. In die Tabakbedryf: VOORBRAND-TABAKMAATSKAPPY.
10. In die Wynbedryf: JURGENS SCHOEMAN, OUDTSHOORN; K.W.V., PAARL; BRINK BROERS, MONTAGU; J. C. JONKER, BONNIEVALE.

Die stryd wat hierdie besighede gevoer het was 'n opdraende. Maar gewapen met die ondersteuning van die Afrikaner en deur gesonde besigheidsbeginsels en doeltreffende bedryfsmetodes, is sukses behaal en word die toekoms met vertroue tegemoet gegaan.

Om werklik te kan sien hoe hierdie besighede gepresteer het, is dit vir ons net nodig om die state van die laaste jaar na te gaan. In die ondersteuning van hierdie besighede kan die Afrikanervolk nie alleen hulle bevoordeel nie, maar ook homself versterk.

By hierdie besighede wil ons ook noem die United Tobacco Co., 'n suiwer Christen-besigheid, van wie die grootste gedeelte van sy personeel Afrikaans-sprekend is.

Graag sou ons ook die talle plaaslike kleinhandelaarsbesighede wat in die afgelope paar jaar ontstaan het wou noem. Ons kan hulle egter verseker dat deur hul moed en doelbewuste stryd vir 'n bestaan teen oorheersing en anti-christelike onderdrukking, hulle die besieling is vir groter ondernemings. Die meeste van hulle is bekend aan ons lesers deur advertensies in ons blad.

Hier wil ons dan weer op ons lesers se harte druk om die adverteerders in „Die O.B." te ondersteun. Hierdeur ondersteun hulle ons blad. Noem „Die O.B." wanneer u bestellings plaas of inkopies doen by adverteerders.

Kom Maak u Keuse
VANUIT 'N PRAGTIGE VERSKEIDENHEID :—
DAMES-HOEDE
„ -ROKKE
„ -ROKLENGTES
„ -ONDERKLERE
„ -SAKDOEKIES
„ -KUNSBLOMME, ens.
by
Steyns
VOORTREKKERWEG - - - PAROW
Die Skiereilandse Moderne Afrikaanse Dames-Modiste.
OOK WENS ONS U 'N BAIE GESEENDE KERSFEES MET GELUK EN VOORSPOED IN DIE NUWEJAAR

Pyprokers waardeer die volle ryk geur...




BH2209a

DIE MODERNE KLEREMAKERS
(Die Afrikaanse Firma)
VIR 'N BUITENGEWOON DEFTIGE EN GERIEFLIKE DAMES KOSTUUM OF MANS PAK KLERE, PROBEER ONS EERSTE. DIT IS NOU TYD OM TE LAAT MAAK, DAAR MATERIAAL DAAGLIKS SKAARSER WORD.
Skryf om monsters en maatvorms.
GROOTE KERKGEBOU 306
3de Verdieping - - - - - KAAPSTAD.

## NATALSE BURGERGRAFTE

Onderstaande oproep word gedoen deur die sekretaresse van die Sentrale Burgergraftekomitee:

Die Sentrale Burgergrafte-komitee is begerig om van familie-lede en belangstellendes besonderhede te ontvang aangaande onversorgde burgergrafte uit ons Tweede Vryheidsoorlog, en ondergetekende sal bly wees om alle en enige informasie te kry wat verskaf kan word, met die oog op spoedige versorging daarvan.

Dit is bekend dat indiwiduele grafte deur familie-betrekkings reggemaak is en ook dat sommige distrikte vir die laaste rusplek van hulle burgers gesorg het, maar dit is ook bekend dat 'n groot aantal grafte in gruwelike verwaarloosde toestand verkeer. Dit moet die geval wees veral met grafte in die omgewing van Spioenkop en Petershoogte. Vermeld asb. by aangifte: juiste plek, naam en ander persoonlike besonderhede, indien moontlik, toestand van die graf ens.

Die komitee sal bly wees om informasie te ontvang van enige ander verwaarloosde grafte van gesneuwelde burgers buitekant Natal ten einde so spoedig moontlik voorsiening te maak vir die versorging.

JOHANNA PRELLER.
(Mev. G. S. Preller)

Posbus 733,
Pretoria.

## VRIENDEKRING SE YWER

'n Boerenoodhulp-Vriendekring van die Oostelike voorstede, (Belgravia, Melvern) Johannesburg, is op 29 Januarie 1942 gestig met net 'n paar lede wat baie ywerig gewerk het, en wat tot dusver al die pragtige som van £64 tot die O.B.-Noodhulpfonds bygedra het.

## *Uiters Geslaagde Funksie van Brandvlei*

Wat seker beskou kan word as die mees geslaagde funksie gereël deur die Manne- en Vroue-kommando's van Brandvlei onder die leiding van hoof-genl. W. P. Burger, hoofkomdt. S. Nel en komdt. K. Burger is op Saterdag 21 November gehou op Gemsbokrivier. Weens onvermydelike omstandighede kon Fondsdag nie op 8 Augustus gehou word nie en was hierdie byeenkoms dus bedoel om fondse in te samel.

Hoe geslaagd die byeenkoms was, getuig die pragtige opbrengs van meer as £100 in die heersende omstandighede in 'n dunbevolkte streek. Hier is geesdrif ongekend aangetref, en het die hartlikste samewerking en opofferingsgees geheers.

Jukskei, voordrag en sang en volkspele het deel uitgemaak van die program.

*ONDERSTEUN ONS BLAD*

## OWERHEID BELET KRANS UIT TRONK VIR GENL. HERTZOG

Die onthulling dat die 52 manne wat tans in die sentrale gevangenis in Pretoria aangehou word hangende hul verhoor op aanklag van hoogverraad, deur die tronkowerheid belet is om 'n kransie of 'n brief of telegram van deelneming te stuur aan die familiebetrekkinge van wyle genl. Hertzog is deur die Kommandant-generaal gedoen toe hy 'n groot vergadering op Benoni toegespreek het.

„Enige dae gelede," het dr. Van Rensburg verklaar, „het die Afrikanervolk sy grootste seun verloor. 'n Hele volk het getreur oor sy heengaan, want hy was die grootste Afrikaner wat hierdie volk opgelewer het sedert die Tweede Vryheidsoorlog. In die sentrale gevangenis in Pretoria sit 52 Afrikaners wat wag op verhoor weens hoogverraad. Hulle het saam getreur oor die heengaan van hierdie groot leier en hulle het versoek om toegelaat te word om 'n kransie na sy graf te stuur. Hulle versoek is geweier. Hulle het daarna versoek om toegelaat te word om dan 'n brief of 'n telegram van deelneming te stuur. Daardie versoek is ook geweier. En u moet onthou dat hierdie mense nog op verhoor wag. Volgens ons reg is hulle mense wat nog as onskuldig beskou en behandel moet word," het hy gesê.

## VREEMD AAN DIE VOLK

Vreemd en nie uit die Afrikanervolk nie, is (1) die parlementêre partystelsel, die georganiseerde verdeeldheid-saaiende politieke partytwiste, wat die fondament van die landsbestuur is.

(2) Vreemd, en nie uit die Afrikanervolk nie, is die vegmetodes, die lasterveldtogte wat deur die partye, teen mede-Afrikaners op tou gesit word.

(3) Vreemd, en nie uit die Afrikanervolk nie, is die verspreiding van leuens en onwaarhede onder die volk.

(4) Vreemd, en nie uit die Afrikanervolk nie, is die stemsoekery by persone wat buite die Afrikaner-volksverband staan.

TREKKERS ! !

Raadpleeg die V-M-K omtrent u motorversekering. Dit mag in u eie belang wees om die V-M-K te vra om 'n premie te kwoteer alvorens u u motorpolis

HERNU
of 'n polis
UITNEEM

IN TYE VAN ONSEKERHEID

IS DIT GERUSSTELLEND OM TE WEET DAT DIE V-M-K OOR U MOTORBELANGE WAAK.

Kaaplandse Trekkers en dié van Suidwes-Afrika rig navrae aan:
Die Sekretaris, V-M-K Bpk., Groote Kerkgebou, Adderleystraat, KAAPSTAD.

Transvaal en Natalse Trekkers:
Die Bestuurder, V-M-K Bpk., Spoorbondkasgebou, De Villiersstraat, JOHANNESBURG.

Vrystaatse Trekkers:
Die Bestuurder, V-M-K Bpk., Sasbank-gebou, Maitlandstraat, BLOEMFONTEIN.

Ooskaaplandse Trekkers:
Die Bestuurder, V-M-K Bpk., CML-gebou, Markplein, PORT ELIZABETH.

KENNISGEWING AAN VRYSTAATSE TREKKERS!

U word herinner dat u voor 31 Desember 1942 u motorbestuurderslisensie by u ontvanger van inkomste moet inruil vir 'n nuwe lisensie, anders verval dit, en sal dit u heelwat onkoste besorg. Ook moet u twee portrette van uself verskaf, kop en skouers, groot een-en-'n-half duim by twee-en-'n-half duim.

DE KOCKS se GARAGE

Voortrekkerstraat, MIDDELBURG, Tvl. | Herefordstraat, GROBLERSDAL, Tvl.

Eienaar: D. D. DE KOCK

Agente vir Pontiac en G.M. Vragmotors

TOT U DIENS!

V.M.K. AANBEVEEL.

VOLKSKAS IS U EIE BANK!

Fondse oorskry £2,300,000

Volkskas (Koöperatief) Bpk.
(Opgerig kragtens die Koöperatiewe Wet)

Hoofkantoor:
VOLKSKAS-gebou,
Sentraalstraat,
PRETORIA

Die Volk se Bank.

**HEILWENSE!**

Langs hierdie weg wens ons al ons kliënte van harte te bedank vir hulle ondersteuning in die afgelope jaar. Ons wens u almal 'n Geseënde Kersfees en 'n baie voorspoedige Nuwejaar

**VAN ZYL'S**

**PAARL PORTERVILLE**

**VOLLEDIGE MANSUITRUSTERS EN KLEREMAKERS**

Groot Verskeidenheid Rakette en Sportbenodighede altyd in voorraad
Hersnaring van Rakette £1-12-6
Die Allerbeste Snare

*:-: Besoek ons Snyersafdeling :-:*

## KERSFEESWENSE

**DIE KOPERSBOND, Keeromstraat 52, Kaapstad:** Graag wens ons al ons kliënte 'n geseënde Kersfees en 'n voorspoedige Nuwejaar toe.

Sal kliënte a.u.b. ook kennis neem dat ons besigheid gesluit sal wees vanaf Dinsdag, 15 Desember 1942 tot 4 Januarie 1943.

**ROCHER:** Mnr. en mev. Rocher van La Rochelle, Velddrift, wens die K.G., al die A.K.G.'s, alle Offisiere en Brandwagte 'n geseënde Kersfees en voorspoedige Nuwejaar toe.

**VAN RYSWYK:** Mnr. en mev. J. H. van Ryswyk en familie wens al die offisiere en Brandwagte 'n geseënde Kersfees en voorspoedige Nuwejaar toe. Mag ons strewe in 1943 verwesenlik word.

**FERREIRA:** Mnr. en mev. Ferreira, van Ferreir's Motors, Kirkwood, wens al hulle kliënte en vriende 'n baie geseënde Kersfees toe.

**Scholtz:** Komdt. en Komdte. M. Scholtz wens die Komdt.-Generaal, die A.K.G.'s en al die offisiere en Brandwagte van die Loxton Kommando's 'n geseënde Kersfees en voorspoedige Nuwejaar toe.

**TERBLANCHE:** Veldkornette Terblanche en familie, Glencoe, Mosselbaai wens alle O.B.'s 'n bymoedige Kersfees en 'n voorspoedige Nuwejaar toe.

En help mekaar, en bou mekaar,
en Red mekaar en Hou mekaar
Tesame in 'n eenheidsband,
Vir God en Taal en Volk en Land.
(Celliers).

Hartlike dank vir u gewaardeerde ondersteuning gedurende die afgelope jaar, en met die oog op u vriendelike ondersteuning in die toekoms, word u toegewens 'n geseënde Kersfees en 'n voorspoedige Nuwejaar.

**J. THERON, Handelsreisiger, Swellendam.**

**THERON:**

Op u almag vasvertrouend het ons Vadre gebou;
Skenk ook ons die Krag, o Here, om the handhaaf en te bou,
Dat die erwe van ons Vadre, vir ons Kinders erwe bly,
Knegte van die Allerhoogste teen die hele wêreld vry.
(Langenhoven).

Mnr. en mev. J. Theron, Jackie en Beyers, „Berldene," Buitekantstraat, Swellendam wens alle range van die Ossewabrandwag en hulle baie Afrikaner-vriende, die allerbeste wense vir 'n geseënde Kersfees en 'n Nuwejaar vol van vreugde en geluk.

**BOSHOFF:** Generaal W. H. Boshoff (Wes-Rand) en mev. Boshoff, wens hiermee alle mede-offisiere en Brandwagte 'n geseënde Kersfees toe, en 'n nog voorspoediger Nuwejaar.

Ons wens ons K.G., A.K.G.'s offisiere en Brandwagte 'n geseënde Kersfees en 'n gelukkige Nuwejaar toe.

Mnr. en mev. C. A. Basson en Boet, Voortrekkerstraat, Porterville.

Mnr. en mev. Jan Rossouw, Hendrina en Jannie, Houtconstant, Porterville.

Mev. Rina Basson, Surita, Porterville.

Mnr. en mev. Michael Lambrechts, Pomona, Porterville.

Mnr. en mev. Klaas Loubser, Pamona, Porterville.

**SCHOEMAN:** Hoof-genl. en asst.-hoof-kommandante mev. Jurgens Schoeman en gesin wens ons Kommandant-generaal met die Groot Raad, die asst.-kommandant-generaals met hulle Beheerrade; die drie generaals van George, Graaff-Reinet en Oudtshoorn ,met hulle offisiere en Brandwagte ,asook alle offisiere en Brandwagte oor die land 'n geseënde Kersfees en 'n voorspoedige Nuwejaar toe. Die geïnterneerdes en gevangenes met hulle families bid ons Gods genade en seën toe. Ons glo vas „ALLES SAL REGKOM."

**VAN ROOY:** Aan ons Kommandantskappe en ander O.B.-vriende, ons beste wense vir Kersfees en Nuwejaar.

D. J. van Rooy (Jeug-Kommandant).
C. A. van Rooy (Kommandante).

**BASSON:** Kommandante mev. Basson van Stellenbosch wens alle mede-O.B.'s 'n geseënde Kersfees en Nuwejaar toe.

**Die Malmesbury Vroue No. 1 Kommando** se beste wense gaan uit na ons Kommandant-Generaal en sy gesin. Mag hom die nodige krag vir die moeilike toekoms gegee word.

'n Geseënde Kersfees en die beste wense vir die Nuwejaar aan ons A.K.G., Kaapland, Generale mev. dr. du Toit, en alle ander offisiere.

**Malmesbury Vroue No. 1.**

Dat die Kersfees aangenaam en die Nuwejaar 'n geseënde en voorspoedige een mag wees, is my wense aan my kinders, vriende en vriendinne.

**Mevr. C. Immelman.**

Bergsigstraat,
Malmesbury.

Ons wens ons familie, vriende en vriendinne, O.B. en nie O.B. lede alles van die beste toe.

**Mnr. en mev. E. Lombard en gesin.**

Bergsigstraat,
Malmesbury.

**DU TOIT:** Genl. en mev. H. A. J. du Toit en gesin wens alle offisiere en Brandwagte van Generaalskap 6, O.V.S., 'n geseënde Kersfees en mag die Nuwejaar die harte-wens van elkeen vervul.

**THUYNSMA:** Komdte. en Brandwag B. J. en W. E. Thuynsma, en gesin, vroeër van Brakpan en tans van Leeuwpoort, Warmbad, wens offisiere en Brandwagte toe vir Kersfees en Nuwejaar:— Eenheid, Vryheid, Voorspoed, Blyheid — mag u geluksweg onbegrens, ware Eendrag, moed en wilskrag, in die Nuwajaar vir u wag.

**VAN DEN BERG:** Mnr. en mev. (Komdte.) L. v. d. Berg, van Aliwal-Noord wens hiermee al ons Ossewabrandwag-vriende van Aliwal-Noord en elders, 'n geseënde Kersfees en baie gelukkige en voorspoedige Nuwejaar toe.

**LOMBARD:** Korporaal Christoffel Lombard en gesin, Leliefontein, Malmesbury, wens ons K.G., en A.K.G., geïnterneerdes en almal wat aan die geraamte behoort 'n gelukkige Kersfees en suksesvolle Nuwejaar toe.

**STRAUSS:** Komdt. en mev. J. A. Strauss, Tiervlei, wens aan al hulle O.B.-vriende(inne) 'n geseënde Kersfees en 'n voorspoedige Nuwejaar, en roep u toe „HOU KOERS" op die pad van die Ossewabrandwag.

**My God — My Volk — My Land Suid-Afrika.**

**BLANCKENBERG:** Mnr. en mev. (Baba) Blanckenberg, Bellville, wens die K.G. en die hele O.B.-Organisasie 'n seënryke Kersfees en Nuwejaarsgroete toe. Gods seën op 'n edel werk. Wees standvastig onbeweeglik sterk.

**THERON:** Veldkt. M. Theron en gesin, wens hiermee alle mede-offisiere, Brandwagte en vriende(inne) 'n geseënde Kersfees en voorspoedige Nuwejaar toe.

**GERMISHUYS:** Veldkornette A. Germishuys en gesin wens hiermee alle Republikeinsgesinde Afrikaners 'n geseënde Kersfees en 'n voorspoedige Nuwejaar.

O, leer aan ons volk, wat nog wankelend gaan
om trou deur die nag van storme te staan.

Wrenchweg 8, Parow.

**PAROW.** — Die Vroue-Kommando Parow, wens die K.G., die A.K.G. en alle offisiere en Brandwagte 'n geseënde Kersfees en 'n Nuwejaar van voorspoed en geluk toe.

**VAN HEERDEN:** Mnr. Van Heerden en gesin, Lydenburg, Transvaal, wens alle Brandwagte die beste wense vir Kersfees en die Nuwejaar.

**GELDENHUYS:** Komdt. en Komdte. D. Geldenhuys en gesin, wens hiermee die Grootraad, ons Kommandant-generaal, Asst. Komdt.-generaal, Vroue Adjunkraad 'n gelukkige en voorspoedige Nuwejaar toe.
Arbeidsgenot, Wynnestraat 13, Parow.

**LAAS:** Komdt. en Kommandante J. J. Laas, Nababeep wens alle offisiere en Brandwagte van die Springbok-Kommando 'n geseënde Kersfees en 'n gelukkige Nuwejaar toe.

**VAN ROOYEN:** Kommandant C. J. van Rooyen en gesin, Die Wilge, Assegaaibosch, wens alle Brandwagte 'n geseënde Kersfees en 'n voorspoedige Nuwejaar toe.

**WOLMARANS:** Mnr. P. Wolmarans en gesin, „Mōrester," Karreedouw, wens alle Brandwagte 'n geseënde Kersfees en 'n ordentliker Nuwejaar toe.

**DREIJER:** Ons wens die Ceres Kommando en al die offisiere en Brandwagte deur die hele land 'n geseënde Kersfees en verlossing in 1943.

**Komdt. en Komdte. A. Dreyer, Ceres-Kommando.**

**HAUPTFLEISCH:** Komdte. Hauptfleisch van Christiana wens haar Kommando 'n geseënde Kersfees en voorspoedige Nuwejaar toe.

**WENTZEL:** Komdt. J. D. Wentzel van Bonnievale, wens mede-Trekkers, xan die Bonnievale O.B.-Kommando 'n gelukkige Kersfees. Mag God ons in die Nuwejaar krag gee om te Trek!!

**JUNGHANS:** Mev. Junghans, „Çolumbus," Vredehoek, wens alle offisiere, Brandwagte, vriende(inne) 'n baie geseënde Kersfees en 'n Nuwejaar vol van voorspoed.

**VAN AARDE DE KOCK:** Genl. van Aarde de Kock, van Malmesbury, wens langs hierdie weg sy beste Kers- en Nuwejaarswense te bring aan die Komdt.-Generaal, A.K.G. van Kaapland, Voorsitter en ander lede van die Groot Raad, alle offisiere en Brandwagte, en veral die swaar beproefde broers wat on die kampe sit. **Wees getrou aan God, Volk en Vaderland.**

**NAUDÉ:** Asst. Hoof/Kommandante en Kommandant Meiring Naudé van Stellenbosch wens al hulle O.B. Vriende 'n baie geseënde Kersfees en 'n baie voorspoedige Nuwejaar toe.

**ROUX:** Mej. I. Roux wens die Komdt-Generaal, alle offisiere en O.B.-vriende(inne) 'n vreugdevolle Kersfees en 'n baie gelukkige Nuwejaar toe.

**MULDER:** Veldkt. R. Müller en gesin, Middelburg Kaap, wens alle getroue offisiere en brandwagte 'n gelukkige en voorspoedige Kersfees en Nuwejaar. Hou skouer aan die wiel, die wa is amper bo.

**WENTWORTH:** Adj. P. W. S. Wentworth wens die O.B.-Kommando's 'n geseënde Kersfees en voorspoedige Nuwejaar toe vir 1943. Gods seën.

**VISSER:** Komdt. en veldkt. Visser van Koebergweg, Brooklyn wens hiermee alle offisiere, Brandwagte en vriende van die Christiaan de Wet Kommando 'n geseënde Kersfees en 'n voorspoedige Nuwejaar.

**VAN DYK:** Aan Brandwagte en Republikeine wens ek 'n gelukkige Kersfees en Nuwejaar toe. Ons gooi die kloof toe en trap die losgrond vas.

**P. A. J. van Dyk, Napier.**

**STEMMET:** Mnr. en mev. A. P. Stemmet en gesin, Wakkerstroom-Wes, Robertson, wens al hulle mede-Brandwagte 'n gelukkige Kersfees en Nuwejaar toe.

**SMUTS:** Veldkt. en komdt Smuts van Diepstraat, Brooklyn wens hiermee alle offisiere, Brandwagte en vriende van die Christiaan De Wet Kommando, 'n geseënde Kersfees en 'n voorspoedige Nuwejaar.

**STEYN:** Komdt. E. L. Steyn van Elsana, Malmesbury, wens die K.G., A.K.G's, lede van die Groot Raad, en geïnterneerdes 'n geseënde Kersfees en 'n baie voorspoedige Nuwejaar.

Aan die K.G., A.K.G. en alle ander offisiere en Brandwagte wens ons 'n geseënde Kersfees en 'n baie voorspoedige Nuwejaar toe.

**Hou-Koers Dames-Kommando, Bloemfontein.**

## VROUE VLYTIG IN HUL DIENS

'n Vroue-eenheid wat tydens die insameling vir Fondsdag besonder goed gepresteer het, is Tzitzikama. Aan hul veldkornette, Emmie Rademeyer, is 2/- gegee om mee te woeker, en so fluks het hierdie klompie vroue gewerk dat hulle die pragtige bedrag van £7-9-0 daarvoor kon inbring. Sommige van hulle het goedere uit koffiesakkies vervaardig en van die hand gesit, terwyl een 'n hoender laat broei en die kuikens verkoop het. Verneem word dat hierdie vroue hul werk voortgesit het met die oog op Kersfees.

### TRANSVALERS

Uit Transvaal word berig dat die plattelandse kommando 1A4 baie ywerig werk om fondse in te samel vir die afhanklikes van geïnterneerdes. Daar is 'n sjieling-fonds gestig, terwyl die dames deur vlytige arbeid die mooi bedrag van £15 ingebring het met £2-10-0 wat aan hulle uitgedeel was.

VAN VROEG TOT LAAT — ALTYD — U BESTE MAAT OP SY POS
Patriot TABAK

## DIE O.B.-NOODHULPFONDS

Die volgende verdere bydraes in Kaapland tot ons fonds vir hulpverlening aan afhanklikes van geïnterneerdes is aan Die O.B. bekend gemaak.

| | £ | s. | d. |
|---|---|---|---|
| Reeds erken | 4,819 | 1 | 1 |
| Opbrengs Tentoonstelling, Vroue-Kommando's, 2 Skiereilandse Generaalskappe | 5 | 6 | 10 |
| Offergeld Hottentots Holland Vroue-Kommando | | 10 | 0 |
| Antionette Keet, Strand | 1 | 0 | 0 |
| Ter Ere van die Boerekinders van Swartruggens | 5 | 5 | 0 |
| Offergeld Hottentots Holland Manne-Kommando | | 10 | 0 |
| A. J. Wahl Jnr. en Gesin, Bitterfontein | 10 | 0 | 0 |
| Mev. M. E. van der Merwe, Middelburg K.P. | 12 | 0 | 0 |
| 2de Bydrae Manne- en Vroue-Velkornetskap, Napier | 5 | 15 | 0 |
| Vriendin Wynberg | 2 | 0 | 0 |
| Mnr. W. P. v. d. Merwe, Fraserburg | 1 | 0 | 0 |
| Kollekte Manne- en Vroue-Kommando's, Riversdal | 1 | 7 | 0 |
| Brandwag, Somerset-Wes | 5 | 0 | 0 |
| Vriende, Kaapstad | 2 | 0 | 0 |
| Lys 620 Manne-Kommando, Kaapstad | 3 | 12 | 6 |
| Kollektelys, Veldkornetskap, Vredendal | 6 | 0 | 0 |
| Mev. P. v. d. Westhuizen, Paarl | | 10 | 0 |
| Offergeld Paarl Vroue-Kommando | 2 | 13 | 0 |
| Tulbagh Kommando | 5 | 0 | 0 |
| Maandelikse bydrae Karredouw Vriende | | 15 | 6 |
| Mej. I. Roux, Woodstock | | 10 | 0 |
| Port Elizabeth-Noord, Vroue-Kommando | 7 | 7 | 0 |
| Lys 617 Petrusville | 2 | 1 | 6 |
| Velkt. M. Theron, Landsdowne | | 7 | 0 |
| Vriend Oudtshoorn | 5 | 0 | 0 |
| | £4,904 | 11 | 5 |

**BYDRAES TOT AANBOD H/GENL. SCHOEMAN.**

| | £ | s. | d. |
|---|---|---|---|
| Reeds erken | 103 | 10 | 0 |
| Hoofkomdt. A. H. Stander, Graaff-Reinet | 10 | 0 | 0 |
| Genl. F. S. Olivier, Graaff-Reinet | 10 | 0 | 0 |
| Hottentots Holland Vroue-Kommando Spesiale Bydrae | 1 | 0 | 0 |
| Mnr. O. J. Fourie, Komgha | 2 | 10 | 0 |
| Komdte O. Fourie, Komgha | 2 | 10 | 0 |
| Spesiale bydrae Manne- en Vroue-Kommando's Stellenbosch | 112 | 8 | 2 |
| Mej. Nellie Immelman, Sutherland — Uitloting van Koek | 3 | 3 | 0 |
| Spesiale bydrae Manne- en Vroue-Kommando's Prins Albert | 27 | 10 | 0 |
| | £272 | 11 | 2 |

**TRANSVAAL TOT 1 DESEMBER 1942.**

| | £ | s. | d. |
|---|---|---|---|
| Reeds erken | 10,422 | 7 | 9 |
| Kwitansie No. 1345 Kommando 10C | 21 | 13 | 3 |
| ,, ,, 1347 Kommando 9C5 | 1 | 8 | 0 |
| ,, ,, 1349 Kommando 7 | 5 | 0 | 0 |
| ,, ,, 1350 Kommando 11C5 | 1 | 19 | 0 |
| ,, ,, 1351 Kommando 13A3 | 7 | 8 | 6 |
| ,, ,, 1352 Kommando 3A6 | 5 | 0 | 0 |
| ,, ,, 1353 Kommando 9B4 | 14 | 7 | 6 |
| ,, ,, 1354 Kommando 1C3 | 12 | 16 | 0 |
| ,, ,, 1355 Kommando 13B3 | 34 | 7 | 6 |
| ,, ,, 1356 Vroue-Adjunkraad Tvl. | 19 | 5 | 0 |
| ,, ,, 1357 Vroue-Adjunkraad Tvl. | 6 | 16 | 0 |
| ,, ,, 1358 Bydrae | 5 | 0 | 0 |
| ,, ,, 1359 Bydrae | 1 | 10 | 0 |
| ,, ,, 1360 Bydrae | | 10 | 0 |
| ,, ,, 1361 Bydrae | | 10 | 0 |
| ,, ,, 1362 Kommando 8 | 2 | 15 | 0 |
| ,, ,, 1365 Kommando 9C2 | 27 | 8 | 0 |
| ,, ,, 1366 Kommando 9B | 2 | 0 | 0 |
| ,, ,, 1367 Kommando 10C4 | 30 | 12 | 6 |
| ,, ,, 1368 Bydrae | | 10 | 6 |
| ,, ,, 1369 Kommando 9B7 | 1 | 0 | 0 |
| ,, ,, 1370 Kommando 3C5 | 5 | 12 | 0 |
| ,, ,, 1371 Kommando 2B5 | 1 | 0 | 0 |
| ,, ,, 1372 Kommando 9B6 | 4 | 10 | 0 |
| ,, ,, 1373 Bydrae | 10 | 0 | 0 |
| ,, ,, 1374 Kommando 1C5 | 11 | 11 | 11 |
| ,, ,, 1375 Kommando 1C4 | 5 | 3 | 0 |
| ,, ,, 1376 Kommando 1C1 | 15 | 1 | 3 |
| ,, ,, 1377 Kommando 2B4 | 20 | 0 | 0 |
| ,, ,, 1378 Kommando 8C2 | 24 | 0 | 0 |
| ,, ,, 1379 Bydrae | 6 | 5 | 6 |
| ,, ,, 1380 Kommando 2A4 | 9 | 0 | 0 |
| ,, ,, 1381 Kommando 4B1 | 32 | 6 | 0 |
| ,, ,, 1382 Vroue-Adjunkraad Tvl. | 4 | 0 | 0 |
| Totaal | £10,772 | 14 | 2 |

## STELLENBOSCH ROU OOR ONTSLAPE VOLKSMAN

Saterdag, 28 November, het die Kommando van Stellenbosch op die terrein wat geskenk is deur ass.-veldt. W. A. de Waal, Blouklip, vergader. Die middag was daar jukskei-wedstryde en die aand het genl. S. Pretorius die verrigtings geopen met 'n kort oorsig van die werksaamhede van die O.B. gedurende die afgelope jaar.

Dr. D. G. Franzsen het die jongste dienslaer-onderwerp behandel.

Daarna het die aanwesiges opgestaan toe die ou Vrystaatse vlag en die O.B.-vlae halfstok gehys is ter aandenking van die afsterwe van genl. J. B. M. Hertzog.

Ds. Hanekom het die roubeklag-verrigtinge met gebed, skriflesing en 'n roerende redevoering gelei na aanleiding van die teks: ,,Salig is hulle wat treur, want hulle sal getroos word.''

Genl. J. A. Smith, Assist.-komdt.-generaal, het in 'n kort toespraak verwys na die stryd wat die oorlede volksvader, die groot Afrikaner-staatsman, vir sy volk gevoer het, altyd gemik op die ontworsteling van die Afrikaner van vreemde bande, innerlik en uiterlik.

Hierdie plegtigheid is afgesluit met die Volkslied.

GESONDHEID IS MEER WERD AS RYKDOM

***Beskerm u Gesondheid en Lewenskrag***

**GEBRUIK**

**LIFEBUOY-GESONDHEID-SEEP**

DIT IS MEER AS 'N GOEIE SEEP—
DIT IS 'N GOEIE GEWOONTE

***'n Produk van***
**LEVER BROERS.**

**SASBANK**

*is 'n Kind van die Volk in diens van die Volk.*

Leef op 'n kontant basis en handhaaf ekonomiese selfstandigheid

SASBANK VERSKAF LENINGS

vir enige regmatige doel teen voorwaardes wat almal kan bekostig.

- Gerieflike maandelikse paaiemente.
- Billike rente.
- Streng geheimhouding en simpatieke behandeling.

Duisende gebruik hierdie geriewe omdat dit die goedkoopste is.

**PAARL KAAPSTAD WORCESTER**

## HUWELIK

HAUPT — VAN ZYL: Ons, Katie en Boetie, maak aan familie en vriende(inne) bekend, dat ons D.V. Saterdag, 2 Januarie 1943, om 7-uur n.m., te Franshoek in die huwelik bevestig word. **Gelukwense:** P/a. mnr. P. Hugo, La Bovie, Franshoek. Geen Resepsie. Geen kaartjies.

DU TOIT—SCHREUDER: Ons twee, Christiaan du Toit en Maynie Schreuder, albei van Moorreesburg, nooi, familie, vriende(inne) en bekendes uit na ons huwelik D.V. op Saterdag 2 Januarie 1943, om 3.30 n.m. in die Ned. Geref. Kerk te Moorreesburg. Geen kaartjies. Telegramme en gelukwense: Koringstraat, Moorreesburg.

TERBLANCHE — SWART: Aan al ons O.B.-vriende maak ons, Rosa en Jannie, bekend dat ons D.V. op Woensdag, 29 Des., om 10.30 v.m. te De Hoop, trou. Telegramme: P.K. Wynandsrivier.

## DOODBERIG

MULLER. — Weereens, net ag dae na die eerste wond, het ons harte gebloei, toe ons Sondag 29 November, moes staan by die graf van Brandwag, mev. Molly Muller, eggenote van adjudant P. Muller van ,,Esperance,'' Sutherland. Ons sal haar baie mis, maar bring hulde aan haar nagedagtenis. Met innige meegevoel van die treurende Vroue- en Manne-Kommando's van Sutherland.

## IN MEMORIAM

VAN COLLER. — In tere herinnering dink ons aan die 16de Desember 1938 toe ons eggenote en moeder Gertie verhuis het na die land waar sy vir ewig as verloste kan juig.

## DANKBETUIGING

LANGS hierdie weg wil ek almal bedank vir hulp, belangstelling en simpatie betoon met die heengaan van my eggenote. Dank ook aan die Vroue-Kommando van Sutherland vir die erewag gevorm by haar graf. **P. D. Muller, Esperance, Sutherland.**

## BENODIG

DAME om onderwys te gee begin 1943 skooljaar vir standaards 4 en 1 — Goewerment-sillabus. £3 per maand vir 10 skoolmaande plus Regeringstoelae. Vry inwoning. Moet lid wees van O.B. en N.G. Kerk. **Genl. E. B. Cadle, Twyfelfontein, Estcourt, Natal.**

FLUKSE Afrikanerdogter vanaf 1 Januarie vir algemene huiswerk en kook. Huisgesin in Bellville. Maandelikse salaris £3 met vry inwoning. Meid ook in diens. Antwoord **G. H., Posbus 1411, Kaapstad.**

## LOSIES GEVRA

AFRIKANERSEUN verlang losies naby Parow of Goodwoodstasie. Skryf aan **G. Mouton, van Eyssenstraat, Parow.**

## TE KOOP

STERK, gewortelde Angelierplantjies: Regina (ligroos); Rex (helderroos); Pioneer (roos); Corona (donkerrooi); Salm Regina 3/6 per dosyn; 15/- per 100; £7 per 1,000. Lorraine — roomkleurig met rooskleurige stippels 21/- per dosyn; Rooi Regina 21/- per dosyn; Dairy Maid — wit met fyn roos-strepies — 7/6 per dosyn; Idaho Beauty — pers — 7/6 per dosyn. K.M.B. alleenlik. Posvry Unie. **Thos. Dunn, Posbus 51, Tzaneen.**

AARTAPPELMOERE:. — Eersteklas King George aartappelmoere vir Januarie- en Februarie planting. Groot 20/-; Eiergroote 22/-; Okkerneutgroote 18/-. Gelewer Botrivierstasie. K.M.B. Voorrade beperk. **H. J. le Roux, Salandra, Botrivier.**

## TE KOOP

WYN. — 5 gelling Port 30/-, Anker 43/6 . 5 gelling Muskadel Jeripigo 30/-, Anker 43/6. 5 gelling soet Muskadel 27/6, Anker 38/6. 5 gelling Worcester Hock of soet Sjerrie 22/6, Anker 32/6. Gelewer Bonnievale stasie. Terme:— Kontant of K.B.A. Beste kwaliteit gewaarborg. Vaatjies moet teruggestuur word. **J. C. Jonker, Weltevrede-Wynmakery, Posbus 6, P.K. Bonnievale.**

## TE KOOP

PLANTJIES, gesond en sterk: Barberton Madeliefies (Daisies): 3/6, 15/- en £6-10-0. Amerikaanse Boomangeliere: Idaho Beauty (pers), Regina (ligpienk), Salmon Regina, Corona (donkerrooi), Pionier (roospienk) en Rex (helderpienk), 3/6, 15/- en £7. Dairy Maid (wit met pienk-pers strepies) 7/6, £1-10-0 en £10. Pryse per 12, 100 en 1,000 respektiewelik. K.M.B., posvry in Unie. **John Smit, Bus 80, Tzaneen.**

## TE KOOP

LUSERN. — Boere koop u Lusern regstreeks van die Boer! Billike pryse op aanvraag. — **J. H. Stienie, Bus 46, Kirkwood, K.P.**

AARTAPPELS. — Mooi vars tafelaartappels. No. 1, 17/6; No. 2, 16/- per 153 pond. Gelewer Serpentine-sylyn — K.M.B. **P. G. J. Barnard, Serpentine-sylyn, P.K. Wilderness.**

## TE KOOP GEVRA

BAALDRAAD. — Enige hoeveelheid nuwe- of gebruikte baaldraad. Stuur prys en hoeveelheid aan: **T. H. Stienie, Posbus 46, Kirkwood, K.P.**

**Ondersteun ons Adverteerders.**

**Uitgegee deur Voorslag (Edms.) Beperk, Kamer 916, Groote Kerkgebou, Adderleystraat, Kaapstad, en gedruk deur Pro Ecclesia-Drukkery, Die Laan, Stellenbosch.**